

19 Desember

Hoop op God

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:10

Paulus was dikwels in doodsgevaar (2 Kor 11:23-29). Een ding is seker: die insident waarna hy hier verwys, was iets verskrikliks! Hy het alle hoop opgegee om verder te lewe. En tog, die Here het hom wonderbaarlik gered.

Het God jou al uit doodsgevaar gered? As jy terugkyk oor jou lewe, sal jy wel talle insidente kan oproep waarin dit alles behalwe goed met jou gegaan het. Maar wat sien jy dwarsdeur alles? God se oneindige liefde! (Ps 146:5-10).

Die Here red egter nie net nie. Elke krisis wat jy deurleef, versterk jou vertrouwe in God. Jy weet uit eie ervaring dat God jou ook in die toekoms sal red. Selfs die dood kan nie daardie sekerheid van die kind van God wegneem nie (Rom 8:35-38).

Wat jou vertrouwe in God nog meer versterk, is die feit dat die Here 'n doel met elke krisis het. Paulus was 'n baie geseënde dienskneg van die Here. Watter gevaar hou sukses in? Hoogmoed! 'n Hoogmoedige mens is nutteloos vir die koninkryk van God (Spr 16:18; 29:23). Die krisis waarna Paulus verwys, het hom net nog meer nederig en afhanklik van God gemaak. Vra God in nederigheid om aan j^óú te toon wat die doel is met krisisse wat jy belewe. Dikwels sal jy sien dat alles vir die gelowige in een of ander opsig ten goede meewerk (Rom 8:26-28). Dit is deel van die heerlike hoop wat God aan jou gee, al verstaan ons dit soms nie.

Kind van God, jy sál jou lewensreis voltooi en jou eintlike eindbestemming bereik (2 Tim.4:6-8).

Sing Psalm 146:1, 2, 6, 8 (1936-beryming)

Ds. Peet Duvenage (Emeritus)